

Bybel vir Kinders

bied aan



Die Aantreklike Onnosel Koning

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Aangepas deur: Lyn Doerksen

Storie 18 van 60

www.M1914.org


Bible for Children, PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.


Afrikaans

Samuel, Israel se rigter was al oud. Hy het sy seuns rigters gemaak oor Israel om sy plek te neem in God se diens. Maar Samuel se seuns was sleg. Hulle was lief vir geld en het hulle mag gebruik om


geld oneerlik te kry.



Die mense van Israel het swaar gekry onder die slegte seuns. Die hof was onregverdig. Die mense moes Samuel se seuns betaal wanneer hulle hulp nodig gehad het.




Iets moes gedoen word. Eendag het die oudstes van Israel bymekaar gekom en Samuel gevra vir hulp.



3

"Gee ons 'n koning wat ons kan lei," het die oudstes geëis. Hulle wou nie hê Samuel se slegte seuns moes hulle rigters wees nie. Hulle wou 'n koning het soos al die nasies om hulle.



4

Samuel was kwaad. Israel het reed 'n Koning! God die Almagtige, die Ewige Een het Israel regeer.

5

Lank gelede het Hy hulle vrygemaak van slawerny in Egipte. Hy het die Rooi See geopen sodat hulle kon vlug.

6

Hy het aan Israel hulle pragtige land gegee.


7

Samuel het gebid en GOD het gesê, "Hulle het jou nie verwerp nie maar vir My, sodat Ek nie oor hulle kan regeer nie. Hulle het ander gode aanbid. Gee gehoor aan hulle versoek en gee hulle 'n koning."

Gee gehoor aan hulle versoek en gee hulle 'n koning."




8



God het aan Samuel gesê om die mense te waarsku dat 'n aardse koning hulle geld sou vat met belasting; ...

9



... hom self help met die beste in hul lande en wingerde; hul seuns oproep vir sy weermag; hul dogters laat werk vir hom.

10



Maar die mense wou in elk geval 'n koning hê.

11



God het Samuel na 'n jong aantreklike jong man gelei, hy was skaam en baie LANK - 'n hele kop langer as almal. Sy naam was Saul. Toe Samuel Saul sien sê die HERE, "Hierdie een sal oor My mense regeer."

12



Gehoorsaam het Samuel Saul gesalf as koning van Israel. Toe hy Saul toon aan die mense van Israel het hulle geroep "Lank lewe die Koning!"


13



Baie gou is Saul getoets. Die Amoniete, hulle het Israel gehaat, het die Israelitiese stad omring en gedreig om elke man se regter oog uit te steek. Wat 'n wrede plan.


14

Nuus van die dreigement het Koning Saul bereik.
Hy het sy manskappe reg gekry.




15

Die twee
groepe
manskappe het
geveg en Saul
het die Amoniete
verslaan en die
stad gered.
Koning Saul het
al die glorie aan
God gegee en
gesê "... vandag
het die HERE
Israel geseën!"




16

God het Saul 'n groot oorwinning gee die dag. Saul
het God nie altyd geëer nie. Een dag, voor 'n geveg
met die Filistyne het Saul 'n offerhande geoffer
aan God.



17

Hy het geweet dit is Samuel se plig om dit te doen.
Hy het geweet God wou hê hy moes wag vir Samuel
om dit te doen. Hy was ongehoorsaam aan God!



18

Samuel Het aan Saul gesê. "Jy het
onnosel opgetree. Jy het nie die geboie
van die HERE jou God gehou nie. Nou sal jou
koningskap
beëindig
word."



19

Saul het miskien gedink dit is 'n klein
sondetjie. Maar ongehoorsaamheid aan
God is altyd
ernstig.



20

'n Ander keer het God aan Saul gesê om die slegte mense van Amalek uit te roei.



Saul en die mense het die Koning Agag van Amalek laat lewe.

21

Hulle het ook al die waardevolle items, skape en beeste gehou.




Saul het gesê hulle moet dit hou om aan die HERE te offer.

22



Samuel het aan Saul gesê, "Om gehoorsaam te wees is beter as 'n offerhande. Jy het die woord van die HERE verwerp, en die HERE het jou verwerp as koning van Israel."

23



Saul was baie jammer oor sy sonde, maar dit was te laat. Die res van sy lewe was hy ongelukkig omdat hy nie gehoorsaam aan die HERE was nie.

24

Die Aantreklike Onnosel Koning

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

1 Samuel 8-16

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!

